

# Terebintebos

Francois Jordaan

Sketse: Stefni Bierman

-----  
*Here, U weet alles...*

Joh. 21:17  
-----



*Pistacia palaestina*

## **Terebintebos**

<b>Proloog: Ruimte vir menslike foute</b>	<b>3</b>
<b>Petrus se verloëning</b>	<b>5</b>
<b>Epiloog: Krag uit die hoogte</b>	<b>17</b>
<b>Bylae 1: Die dissipels se vertwyfeling</b>	<b>18</b>
<b>Bylae 2: Die Terebintespesies van Palestina</b>	<b>19</b>
<b>Bylae 3: Teenstrydige grafgebeure?</b>	<b>22</b>
<b>Bylae 4: Die grafdoeke en Jesus se verskyning aan Petrus</b>	<b>24</b>
<b>Bibliografie</b>	<b>26</b>

## Proloog

### Ruimte vir menslike foute

*Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. (Fil2:12-13 AOV)<sup>1</sup>*

Goddelike genade en menslike verantwoordelikheid in die mens se stryd teen sonde: Die mens se verantwoordelikheid om standpunt in te neem teen sonde en God se genade, wat hom oorreed en bemagtig om standpunt te kan inneem en voornemens te kan uitvoer. Hierdie twee begrippe *genade* en *verantwoordelikheid* illustreer een van die grootste geheimenisse van die Christelike lewe. 'n Groot geheimenis en oënskynlike teenstrydigheid wat, net soos die grootsheid van God se liefde en die onmeetbaarheid van Sy skepping, buite die reikwydte van die mens se verstand sal bly vir so lank as wat hy hom op hierdie aarde bevind. Ten spyte van ons verantwoordelikheid en God se bemagtiging sal ons sondige natuur nog steeds meebring dat ons van tyd tot tyd sal faal in ons stryd teen sonde. Dit bring 'n nog meer onverklaarbare dimensie van God se liefde en genade na vore, naamlik Sy bereidheid om ruimte te laat vir menslike foute.

Elke gelowige het 'n persoonlike verantwoordelikheid om erns te maak met sonde in sy of haar lewe. Sonde is nie iets wat ligtelik opgeneem kan word nadat jy God se vergifnis en redding gesmaak het nie, want as ons Christus werklik liefhet, sal ons daarna streef om Sy gebooie te bewaar.<sup>2</sup> As God se verlossing en vergifnis ons deel geword het, moet ons werk maak van die sonde in ons lewe, ongeag die aard, kleur of geur daarvan. Dit kan nie anders nie, want sonde tas Sy heiligheid aan en die prys wat Jesus aan die kruis vir ons betaal het, is

---

<sup>1</sup> Hierdie gedeelte word nog treffender in die Amplified Bible weergegee: *Therefore, my dear ones, as you have always obeyed [my suggestions], so now, not only [with the enthusiasm you would show] in my presence but much more because I am absent, work out (cultivate, carry out to the goal, and fully complete) your own salvation with reverence and awe and trembling (self-distrust, with serious caution, tenderness of conscience, watchfulness against temptation, timidly shrinking from whatever might offend God and discredit the name of Christ). [Not in your own strength] for it is God Who is all the while effectually at work in you [energizing and creating in you the power and desire], both to will and to work for His good pleasure and satisfaction and delight (Phi2:12-13 AMP).*

<sup>2</sup> *As julle My liefhet, bewaar my gebooie. (Joh14:15 AOV) Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie. (1Joh5:3 AOV)*

onmeetbaar groot in waarde, groter as enigiets wat die menslike verstand ooit in staat sal wees om te kan bereken of te kan bedink.<sup>3</sup>

God se genade word daarin geopenbaar dat Hy nie van ons verwag om in eie krag 'n heilige lewe te lei nie, maar dat Hy ons deur sy inwonende Gees daarvoor toerus. Hy gee nie alleen aan ons die krag om aan Sy wil te kan voldoen nie, maar ook die begeerte daartoe.

God sal ons egter nooit teen ons sin dwing om heilig te lewe nie. Die gelowige se verantwoordelikheid impliseer dus 'n daaglikse oorgawe aan die Heilige Gees wat 'n heilige jaloersheid openbaar deurdar dat Hy ons nie met die wêreld wil deel nie.<sup>4</sup> Dit behels dat die gelowige 'n voortdurende pleidooi aan God sal rig om Sy Gees 'n groter werklikheid in sy of haar lewe te maak – om die gelowige meer sensitief vir sonde te maak en om die “wil” en die “werk” in sy of haar lewe te laat realiseer.<sup>5</sup>

Iets wat ons nooit uit die oog mag verloor nie, is dat al oefen ons as gelowiges ons verantwoordelikheid uit deur in ons stryd teen sonde die regte keuses te maak, ons nooit enigiets hierdeur kan verdien nie, selfs nie eens God se guns in ons lewens nie, want God se genade bly soewerein en allesoorheersend. Alles wat ons is en wat ons ontvang het, is net genade – ons vryspraak, verlossing en heiligmaking in Jesus Christus, asook ons geestelike toerusting om op die pad van heiligmaking te vorder. Geen inisiatief wat ons neem om weerstand te bied teen sonde kan vir ons enigiets verdien nie.

Alles in ag genome, moet ons ook nog steeds onthou dat alle gelowiges in 'n sondige wêreld lewe en dat ons weens ons sondige geaardheid nooit vir so lank as wat ons op hierdie aarde vertoef sondeloos sal wees nie. Hoe goed ons voornemens ook al mag wees, en al word ons bygestaan deur die Heilige Gees, sal ons dus nog gereeld struikel in die uitoefening van ons

---

<sup>3</sup> Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig... wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos. (1Petrus1:14-19 AOV)

<sup>4</sup> Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon? (Jakobus 4:4-5 AOV).

*You [are like] unfaithful wives [having illicit love affairs with the world and breaking your marriage vow to God]! Do you not know that being the world's friend is being God's enemy? So whoever chooses to be a friend of the world takes his stand as an enemy of God. Or do you suppose that the Scripture is speaking to no purpose that says, The Spirit Whom He has caused to dwell in us yearns over us and He yearns for the Spirit [to be welcome] with a jealous love? (James 4:4-5 AMP)*

<sup>5</sup> As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid? (Lukas 11:13 AOV).

*If you then, evil as you are, know how to give good gifts [gifts that are to their advantage] to your children, how much more will your heavenly Father give the Holy Spirit to those who ask and continue to ask Him! (Luke 11:13 AMP).*

verantwoordelikheid.<sup>6</sup> Met hierdie realiteit as agtergrond kan ons weereens net in verwondering staan oor die grootsheid van God se liefde en genade, want dit laat ruimte vir struikeling en vir voortgesette vergifnis ná berou.<sup>7</sup> Hierdie ruimte wat Hy toelaat in die uitoefening van ons verantwoordelikheid bring deur middel van foute geestelike groei mee, maar dit veronderstel nooit 'n onverskilligheid teenoor sonde nie. God se ruimte vir menslike foute gee 'n besondere dimensie aan Sy genade en vergifnis wat ons, net soos al die ander dimensies van Sy liefde, maar net voordurend met verwondering en ontsag kan vervul. Ons kan maar net in verwondering staan dat God die mens *ken*, dat Hy *alles weet*. Hy weet hoe moeilik dit soms vir ons is om weerstand te bied teen sonde, hoe broos die gelowige se geloof en moed by tye mag wees, en Hy weet ook wanneer daar opregte berou is.

Een van die aangrypendste verhale in die Bybel wat vertel van God se ruimte vir menslike struikeling is die verhaal van Petrus se verloëning die nag in die binnehof van Kajafas se paleis toe hy te kenne gegee het dat hy Jesus nie ken nie en dat hy niks met Hom te doen wil hê nie. Dit is 'n verhaal van die hart en is so besonders en spesiaal dat dit amper onmoontlik is om die gevoel daarvan in woorde uit te druk.

---

---

## Petrus se verloëning

**D**it het alles vroeër dié nag in die Tuin van Getsémané begin toe Petrus saam met die ander op die vlug geslaan het, toe hulle soos skape sonder 'n herder uitmekaargejaag is.<sup>8</sup>

Die menigte het vasberade deur die olyfboord voortgestu; bewapen met swaarde, knotse en knuppels en met strak gesigte wat sporadies deur die flikkerende fakkels en lampe verlig is, het hulle gekom om die hande aan Jesus te slaan, om Hom te boei en weg te lei sodat Hy veroordeel kon word.

Na Judas se kus van verraad, wou Petrus nog weerstand bied. In sy voortvarendheid het hy inderdaad kans gesien om die ganse gewapende menigte manalleen te probeer stuit. Hy het vinnig voor Jesus ingetree en met sy swaard 'n wilde hou geswaai na die naaste bedreiging

---

<sup>6</sup> *As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie* (1 Joh.1:8 AOV).

<sup>7</sup> *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig* (1 Joh.1:9 AOV).

<sup>8</sup> Mt. 26:56; Mk. 14:27

in die gestalte van Malchus, 'n slaaf van die hoëpriester. Maar in plaas daarvan om Malchus se kop en lyf van mekaar te skei, slaag hy slegs daarin om hom een van sy ore te ontnem. Eers toe Jesus hom skerp aanspreek oor sy ondeurdagte optrede, dring die werklikheid tot Petrus deur en toe begeef sy moed hom en vlug hy saam met die ander die nag in, in aller yl, onbewus van die swiepende olyftakke wat rooi hale oor sy gesig, arms en bolyf laat.

Eers later sou Petrus gedeeltelik tot sy sinne kom – miskien was dit die koue naglug of die brandpyn wat die olyftake agtergelaat het – maar iewers tussen Getsémané en Kajafas se paleis kon Petrus genoeg moed bymekaarskraap om Jesus en sy gewapende begeleiding op 'n afstand te volg. Dit het aanvanklik maar half skoorvoetig gegaan, want sy moed was maar nog bra min, maar met die toedoen van Johannes kon hy darem so ver as die binnehof van die hoëpriesterlike paleis vorder.

— . . . — . . . — . . . — . . .

Eintlik is die gebeure in Getsémané voorafgegaan deur Jesus se voorspelling vroeër die aand terwyl Hy saam met sy dissipels in 'n bovertrek die pasga genuttig het en die Twaalf in mekaar se hare was oor wie as die vernaamste onder hulle gereken moes word. Jesus se waarskuwing was ontstellend. Satan het toestemming van God gevra om Petrus en sy mede-apostels op die proef te stel, om hulle soos koring te sif, maar Jesus het Petrus verseker dat Hy reeds vir hom by die Vader ingetree het. In die proses sou Petrus nie sy geloof permanent aflê om dit nooit weer op te neem nie, maar sou hy uiteindelik omdraai, waarna hy sy medegelowiges sou versterk.<sup>9</sup> Vir Petrus was hierdie waarskuwing heeltemal onvanpas, selfs ongevraagd. Hoe kon die Meester sy lojaliteit bevraagteken? Was hy nie inderdaad die leier van die Twaalf nie? Petrus se reaksie was selfversekerd en ondeurdag. Al sou al die ander Hom verlaat, was hy bereid om saam met Jesus in die gevangenis gewerp te word en selfs saam met Hom die dood tegemoet te gaan. Sy geloof en vertrouwe in die Meester was *rotsvas*. Dit sou beslis nie wankel nie.

Eers heelwat later dié nag sou Jesus se antwoord werklik tot Petrus deurdring – woorde wat hom vir 'n lang tyd sou bybly en broksgewys aan sy gewete sou knaag:

---

<sup>9</sup> “En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer [Grieks – *exaiteomai*] om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou [Grieks – *ekleipō*] nie; en as jy eendag bekeer [Grieks: *epistrephō*] is, moet jy jou broeders versterk.” (Luk22:31-32 AOV). Strong beskryf *exaiteomai* as “*desire*” of “*demand (for trial)*.” Dit is so 'n sterk vorm van begeerte dat daar in werklikheid 'n versoek gerig word om aan die behoefte te voldoen. Strong sien *ekleipō* as “*to omit, that is, (by implication) cease (die): - fail.*” Daar is dus 'n baie sterk mate van finaliteit hier te sprake. Iets wat onherroepelik opgehou het. Verder sien Strong *Epistrephō* as “*to revert (literally, figuratively or morally): - come (go) again, convert, (re-) turn (about, again).*” Dit kan gesien word om 'n 180<sup>o</sup> draai te maak, maar ook om terug te draai na wat jy agtergelaat het en om daarmee in die regte rigting aan te beweeg.

“Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy drie maal geloën het dat jy My ken nie.”<sup>10</sup>


— . . . — . . . — . . . — . . . — . . . — . . .

In die agterste binnehof van die hoëpriesterlike paleis vind ons Petrus naby die put waar hy besig was om sy hande by ’n vuur warm te maak, want die naglug was koud, amper net so koud soos die die beklemming om sy hart.<sup>11</sup> Hy het sy bes gedoen om ongesiens te bly tussen al die slawe en wagte, maar die vuurgloed het sy gesig verlig en dit was ’n slavin van die hoëpriester wat hom eerste herken het.

“Maar jy is mos een van hulle, een van die volgeling van die Galileër wat nou net hier binnegelei is!”

Petrus se ontkenning was kortaf en skerp.

“Jy weet nie waarvan jy praat nie. Ek ken Hom nie eens nie.”



Vrees was weereens besig om die oorhand oor Petrus te kry, net soos vroeër in die Tuin van Getsémané. Dit het hom opnuut aan die strot beetgekry en was besig om hom te wurg. ’n Benoudheid pak hom beet. Hy staan ongeërgd op en drentel van die vuur af weg. ’n Rukkie later probeer hy om ongesiens weg te glip na een van die voorste binnehowe. Maar ’n tweede slavin keer hom voor, kort duskant die pilaargang wat die binnehowe van mekaar skei, en sê aan die wat daar staan:

“Julle weet sy was reg. Hy is een van hulle.”

Petrus begin voel soos ’n dier in ’n hok. “Nee, jy maak ’n fout. Ek sweer by die heilige tempel van God dat ek die Man nie ken nie!”

---

<sup>10</sup> Luk22:34

<sup>11</sup> Hierdie beskrywing van die gebeure in die binnehowe van die hoëpriesterlike paleis is ’n samevoeging van die onderskeie weergawes soos opgeteken in die vier evangelieboeke.

Hy bereik uiteindelik die voorste binnehof, maar dit bied nie veel verligting nie. Dit voel nog steeds vir hom asof die oë van die slawe en wagte om die vuur besig is om 'n gat in sy rug te brand. Hy probeer om in die donkerste deel van die binnehof weg te kruip. Aanvanklik gaan dit goed, maar net toe hy reken dat almal van hom vergeet het, herken een van die hoëpriester se slawe hom.

“Het ek jou nie saam met Hom in die tuin gesien nie?”

Dit vestig die aandag weer opnuut op hom. Verskeie van die omstanders staan eensklaps nader en drom om hom saam, soos roofdiere wat 'n prooi geruik het.

“Jy is beslis een van hulle! Dit lei geen twyfel nie. Jou spraak verrai dat jy 'n Galileër is.”

Dit voel vir Petrus asof hy deur 'n trop honde omsingel word wat besig was om na hom te hap en dreig om hom te verskeur.

Die gekruide taal van sy vissersdae kom eensklaps terug. Dit rol oor sy lippe. Bitsige woorde wat krag gee aan sy ontkenning.

“Mag ek vervloek wees as ek nie die waarheid praat nie. Ek ken hierdie Man beslis nie en ek wil Hom ook nie ken nie!”

Petrus se woorde was nog nie eens behoorlike koud nie toe 'n doodse stilte oor die binnehowe neerdaal – amper asof die hele skepping asem ophou. Net 'n oomblik lank. En toe kraai 'n haan van iewers uit die agterste binnehof. Die geluid weergalm tussen die mure. Dit bons van orals af terug en tref Petrus teen die agterkop, tussen sy oë en teen sy slape asof dit hom wil verpletter. Hy kyk verward op soos iemand wat nou net uit 'n diepe slaap wakker geskrik het. Hy verstar, want neffens hom op die trappe staan die Meester, wat op daardie oomblik juis by die paleis uitgelei word, en hy kyk Petrus stip in die oë met 'n blik wat Petrus nooit sou vergeet nie. Dit het sy siel binnegedring en daar bly staan. Dit was vol hartseer, en vol liefde en omgee, maar sonder verwyte.

En toe knak Petrus en hy storm deur die poort na buite om bitterlik te ween. Dit was donker en die nag het hom omsluit, van buite en van binne.

— . . . — . . . — . . . — . . .

**G**edurende die res van daardie nag en die dae wat daarop gevolg het, het hierdie gebeure onophoudelik aan Petrus bly knaag. Die haan se kraai en sy drievoudige verloëning. Dit het hom stukkie vir stukkie opgevrete. Sy gewete het hom nie vir 'n oomblik met rus gelaat nie. Hy was 'n drenkeling op die stormsee en hy was besig om te vergaan. Meedoënloos het die verwyte mekaar opgevolg. Dit het oor hom gespoel soos branders, die een na die ander,



sonder ophou. Dit het gevoel asof hy in die lug opgegooi word, asof hy hulpeloos tussen hemel en aarde gehang het, iewers bokant 'n dorsvloer, soos koring wat uitgewan word.

— . . — . . — . . — . .

**D**ie son was reeds onder en die sabbat was verby. Die deur van die vertrek was stewig gegrendel. Eenkant in 'n hoek het Petrus met sy gesig in sy hande geskuil. Hy was amper te bang om asem te haal. Dit het gevoel of die tempelwagte enige oomblik aan die deur kon hamer om hom voor die Joodse Raad te sleep.

'n Duisternis was besig om van Petrus besit geneem, donkerder as die donkerste nag. Die Meester was dood en alles was nou verby, alles waarin hulle geglo het, die koninkryk van God en die wederopheffing van die Joodse volk. Al die dinge waarvoor die Meester met hulle gepraat het. Na al die hoop, na drie jaar op die stofpaaie van Judea en Galilea, was alles tevergeefs, was Hy toe maar net 'n profeet en nie die langverwagte Messias nie.<sup>12</sup>

Maar bo alles het Petrus die Meester se teenwoordigheid gemis. Daar was 'n leemte diep binne-in hom wat niks of niemand kon vul nie, en intussen was die donkerte besig om hom te verswelg en wou sy gewete ook nie ophou knaag nie.

— . . — . . — . . — . .

**P**etrus se kleed was inderhaas opgebind en sy arms het ritmies gepomp om tred te hou met sy vinnigbewegende bene. Die leersole van sy sandale het gesukkel om vastrapplek op die klipperige paadjie te kry. Iewers voor hom in die tuin was Johannes. Links van hom het 'n aantal sipresse met lang hemelvingers na bo gereik, en aan die regterkant was daar 'n [terebintebos](#)<sup>13</sup> vol in die blom, helder rooi soos die bloed van 'n pasgalam, en met die nuwe lewe van jong loof wat reeds begin uitbot.

---

<sup>12</sup> 'n Mens kan uit die onmiddellike gebeure na Jesus se kruisiging aflei dat die dissipels in ernstige vertwyfeling moes verkeer het oor Sy Messiaskap. [Sien](#) *Bylae 1: Die Dissipels se Vertwyfeling* vir 'n verdere uiteensetting in die verband.

<sup>13</sup> Daar word hier verwys na *Pistacia palaestina*, 'n bladwisselende boom of struik met helder rooi trosse kleinerige blommetjies wat gedurende die vroeë lente, d.w.s. gedurende die tyd van die Joodse pasga, saam met die nuwe kopergroen loof op die manlike plante verskyn. Dit is wonderlik om daaraan te dink dat hierdie terebintespesie, wat heelwaarsynlik in volle blom gestaan het gedurende Jesus se kruisiging en opstanding,

Al hierdie beelde word in die warboel van sy onstuimige gedagtes ingetrek om eers later elkeen iewers 'n lêplek te kry. Hy en Johannes was op pad na die graf, want Maria Magdalena en van die ander vroue het kom vertel dat hulle vroegoggend daar was en dit leeg aangetref het. Iemand het Jesus se liggaam weggeneem! Hierdie nuus het hulle hewig ontstel. So hewig dat hy en Johannes opgevlieg het van waar hulle besig was om iets vir oggendete te nuttig en reeds by die deur uit was toe Maria hulle nog iets agternaoep, iets van engele by die graf en dat sy Jesus ontmoet het.<sup>14</sup> 'n Ontmoeting met Jesus! Die gedagtes maal deur sy kop soos iets wat maar net nie wil koers kry nie. Hoe was dit moontlik as Jesus se liggaam nie eens meer in die graf was nie? 'n Mens weet mos nou eenmaal hoe emosioneel en onstabiel vroue is en hoe ongeloofwaardig 'n vrou se getuie is. Die skok van die leë graf was eenvoudig te groot en te skielik.



Petrus se gedagtes het aanhou maal en kolk. Enige vorm van geloof en hoop was reeds lankal opgevreet, fyngemaal en rou geskaaf soos sy gewete – so rooi en rou soos die blomme van 'n terebintebos. Hoe kon hy saam met die ander weggehardloop het dié nag toe die groot vrees besit van hulle geneem het? As hy maar net genoeg moed gehad het om te bly staan. En toe het hy die Meester verloën – drie maal voordat die haan gekraai het. Daarna het hy heeltemaal boedel oorgegee en kon nie eens genoeg moed bymekaarskraap om by die kruisiging teenwoordig te wees nie. Die Meester was dood en nou het die Joodse leiers ook nog uit pure haat en nyd sy liggaam kom steel. Hy wat Petrus is het bloed aan sy hande.


---

gesien kan word as 'n versinnebeelding van die bloed van die Paaslam (rooi blomme) en van Jesus se opstanding en die nuwe lewe wat dit vir gelowiges meebring (die nuwe kopergroen loof). Alhoewel die "terebinte van geregtigheid" in Jes. 61:3 miskien eerder na iets groot en sterk verwys (sien Amplified Bible), kan dit 'n besondere betekenis gee aan die woord "geregtigheid" indien dit gekoppel word aan die rooi blomtrosse en nuwe loof van die terebintebos, naamlik die geregtigheid waarin elke gelowige deel deur Jesus se dood aan die kruis en deur Sy opstanding.

<sup>14</sup> Daar word hier aanvaar dat Jesus aan Maria Magdalena verskyn het terwyl sy op pad was om die dissipels mee te deel dat die graf leeg was, soos dan ook weergegee word in die Evangelie van Mattheus (Matt28:8-9). Volgens Johannes het Jesus egter eers aan Maria verskyn nadat sy saam met Petrus en Johannes na die leë graf teruggekeer het (Joh 20:11-18). Vir 'n moontlike verklaring van hierdie oënskynlik teenstrydige weergawes van Jesus se verskyning aan Maria, sien *Bylae 3 [Teenstrydige Grafgebeure?](#)*

Voor hom kon Petrus die graf sien. Die klip was weggerol, net soos die vrou gesê het. Johannes het reeds tot stilstand gekom en vooroor gebuk om by die oop graf in te kyk. Toe Petrus by hom kom wéét hy dat dit waar is. Johannes het verslae eenkant gestaan en uit sy gesigsuitdrukking was dit duidelik: Die graf was inderdaad leeg! Hulle het Hom sowaar weggeneem!

Petrus se asem het in sy longe gebrand. Hy het die graf verward binnegestrompel en toe hy die grafdoeke sien lê, toe weet hy! Dit tref hom soos 'n verblindende lig uit die hemel, 'n lig vol van genade en liefde en waarheid. Dit breek deur die duisternis en vloei deur sy gemoed, sy verstand, sy siel en sy gees. Dit verlig sy hele wese en hy wéét dat hy weet. Die grafdoeke is nie opgerol of opgefommel nie, maar lê in die vorm van 'n menslike liggaam – onversteurd. Niks kon Hom terughou nie – nie die grafdoeke nie, nie die grafkelder nie, nie die dood nie – niks nie! Jesus het opgestaan! Ja, Hy het waarlik opgestaan! Dit was vir hom so duidelik asof die Meester reg voor hom gestaan het en hom stip in die oë te gekyk het.<sup>15</sup>



Agter hom kon hy hoor hoe Johannes die grafkelder binnekom en hoe hy na sy asem snak, en toe wis hy dat Johannes ook weet.<sup>16</sup>

Vol vreugde het die twee dissipels van die grafkelder af teruggedraai om die blye nuus aan die ander dissipels mee te deel. Hulle het begin om iets te verstaan van die dinge waarvoor Jesus vroeër met hulle gepraat het, oor hoe Hy oorgelewer moes word en moes sterf en hoe Hy drie dae in die hart van die aarde moes vertoef net soos Jona in die maag van die vis, maar dat Hy ook op die derde dag weer uit die dood sou opstaan.

Dit sou egter nie lank neem voordat die twyfel weer sou terugkeer nie, stillietjies en onverwags soos 'n dief in die nag, want die Satan was nog nie klaar gesif nie. Geloof sou nog 'n tyd lank kom en gaan, styg en daal, soos die getye van die oseaan.

— . . . — . . . — . . . — . . .

<sup>15</sup> Sien *Bylae 4: [Die Grafdoeke](#)* en *Jesus se Verskyning aan Petrus* vir 'n uiteensetting van hierdie aanname.

<sup>16</sup> Daarop het ook die ander dissipel wat eerste by die graf gekom het, ingegaan, en hy het gesien en geglo (Joh.20:8 AOV).

**N**og drie keer sou Jesus aan Petrus verskyn, twee maal in Jerusalem en daarna by die Meer van Galilea.<sup>17</sup>

Die eerste keer was laat die Sondagaand op die dag van Jesus se opstanding. Die deur van die vertrek waar die dissipels vergader het, was gesluit uit vrees vir die Jode. Hulle was ingekerker, verslae en terneergedruk. 'n Klein groepie manne was besig om hulself te verskans agter hulle eie onvermoë om volkome te begryp.

Op daardie stadium was hulle juis besig om na Kleopas en sy medereisiger te luister wat uitasem kom vertel het hoe hulle 'n man langs die pad na Emmaus ontmoet het en hoe hy die Skrifte aan hulle uitgelê en verduidelik het dat die Messias moes ly en sterf, en dat Hy weer moes opstaan. Eers later, toe hulle besig was om saam met die vreemdeling brood aan tafel te breek, is hulle oë skielik geopen en het hulle besef dat dit die Meester self was. Petrus en die ander dissipels het maar swaar gesluk aan die storie. Sy vertwyfeling van vroeër het opnuut begin posvat en hierdie gebeure het nou vir hom selfs nog meer ongeloofwaardig begin klink as die vroue se storie vroeër die oggend van engele wat aan hulle verskyn het met 'n boodskap dat Jesus opgestaan het en Maria Magdalena se bewering dat Jesus aan haar persoonlik verskyn het. Dit was bloot onsinnige praatjies van vroue wat hulle aanvanklik hewig ontstel het. Die vertwyfeling was nou selfs besig om die beeld van die grafdoeke wat hy tot dusver met soveel hoop en deernis in sy gedagtes vertroetel het, met venyn aan te val, soos 'n hond wat 'n haas in sy bek beetgekry het en besig was om dit te skud en te verskeur.

Die deur en vensters van die vertrek was nog steeds gegrendel toe Jesus meteens tussen hulle staan. Die een oomblik het hulle nog na die twee manne van Emmaus geluister en die volgende oomblik was Hy net daar, asof Hy uit die niet verskyn het en asof Hy daarmee deur alle beperkings wou breek, ook die vrees, ongeloof en vertwyfeling waardeur die dissipels gevange gehou is. Die onverwagsheid daarvan het hulle heeltemal onkant gevang. Hulle was angsbevange, met bleek gesigte en bewende hande, asof hulle 'n spook gesien het. Dit was toe dat die Meester hulle sy hande en voete met die spykermerke daarin gewys en hulle genooi het om Hom aan te raak, want dit was Hy, hulle Meester, en nie 'n gees wat gekom het om hulle leed aan te doen nie. Dit het hulle met blydschap vervul, maar die blydschap was so groot dat die werklikheid nie vir hulle 'n werklikheid wou word nie. Dit was asof emosie beide begrip en geloof iewers agtergelaat nie. Dit was eers nadat hulle op sy versoek 'n stuk gebraaide vis en 'n heuningkoek aan Hom oorhandig en Hy dit voor hulle oë eet dat die

---

<sup>17</sup> In Lukas 24:34 en ook in 1 Kor 15:5 word vermeld dat Jesus aan Petrus verskyn het, maar daar word nêrens in die Bybel enige verdere inligting oor hierdie gebeurtenis verskaf nie. Vir 'n moontlike verklaring in dié verband, sien *Bylae 4: [Die grafdoeke](#) en Jesus se verskyning aan Petrus.*

werklikheid begin neerdaal, saggies en tydsaam soos stofkorrels wat deur 'n sonstraal verlig word.

Dit was weer soos vroeër toe die Meester tyd saam met hulle deurgebring het om hulle te onderrig in die dinge van die Koninkryk. Sy stem het nog dieselfde gesag gedra. Hy het hulle berispe omdat hulle diegene nie wou glo wat kom getuig het van sy opstanding nie. Met liefde en geduld het Hy, net soos voorheen, weer die Skrifte aan hulle uitgelê, wat in die die Wet van Moses, die Profete en die Psalms geskryf is aangaande dit wat die afgelope paar dae gebeur het. Hierdie keer is hul verstand geopen, die lig het begin instroom en die Skrifte het ewe skielik begin sin maak. Nie net sou Christus uit die dode opgewek word nie, maar bekering en vergewing van sondes in Sy Naam sou aan al die nasies van die wêreld verkondig word. Die bekendmaking van hierdie blye boodskap sou in Jerusalem begin en dié wat uitgestuur sou word, sou vanuit die hoogte daarvoor toegerus word.<sup>18</sup>

Net so skielik as wat Jesus verskyn het, het Hy hulle weer verlaat. Die een oomblik was Hy nog daar en die volgende oomblik was Hy nie meer daar nie, ten spyte daarvan dat die deur nog steeds gesluit was. Hy het vertrek en die dissipels het alleen agtergebly.

Terwyl die Meester hulle toegesprek het, het Petrus besonder aangetrokke tot Hom gevoel, en het hy nou eers besef hoe hy Hom die afgelope paar dae gemis het. Hy het besonder geborge gevoel, want 'n groot rustigheid het in die vertrek neergedaal. Al die twyfel was vir die oomblik opsygeskuif. Ná die Meester se vertrek sou daar egter weer vrae opduik wat sou knaag en skaaf, net soos sy gewete en die wroeging wat nie wou ophou nie.

Wat Petrus die meeste gepla het, was hoe die die Meester nou oor hom gevoel het. Toe Hy in sy oë gekyk het, kon hy geen verwyte bespeur nie, eerder begrip. Miskien was dit maar net sy verbeelding? Die Meester het wel beloof dat hulle in die Koninkryk op twaalf trone sou sit om oor die twaalf stamme van Israel te oordeel,<sup>19</sup> maar was daar nou nog 'n plek vir hom in die Meester se toekomsplanne na sy onbesonne optrede? Die Meester het opgestaan. Hy kan nou verskyn en verdwyn met 'n liggaam wat nie meer aan ruimte en tyd gebonde is nie, maar waar laat dit hulle as doodgewone mense met al hul beperkings? Wat staan hulle nou te doen? En wanneer gaan die koninkryk van Dawid weer opgerig word?

Net Thomas Didimus het nie deel gehad aan hierdie gebeure nie, want hy was nie die betrokke aand teenwoordig nie. Later het hy te kenne gegee dat hy nie sou glo voordat hy nie die spykermerke in die Meester se hande en die spieswond in Sy sy gesien en sy vinger daarin gesteek het nie.

Dit mag wees dat Jesus se verskyning aan sy dissipels hulle geloof aanvanklik in 'n mate versterk het, maar nie sodanig so dat dit hulle met 'n oormatige gevoel van waagmoed

---

<sup>18</sup> Lukas 24:44-49

<sup>19</sup> Mat19:28

vervul het nie. Hul geloof en durf was inderdaad maar nog broos en kwesbaar, want agt dae later vind ons hulle weer bymekaar, nog steeds agter geslote deure uit vrees vir die Jode. Hierdie keer was Thomas teenwoordig. Net soos die eerste keer verskyn die Meester plotseling in die dissipels se midde. Asof Hy net vir Thomas se teenwoordigheid gewag het, nooi Hy hom om na Sy hande te kom kyk en om die spykermerke en die spieswond aan te raak. Hy het eerder verwag om geloof by Thomas te vind en nie ongeloof nie. Die oomblik was vir Thomas te groot en sy ongeloof moes die wyk neem voor die werklikheid van dit alles. Hy het gesien en hy móés glo.

Maar dit was asof die Meester se verskyning die smeulende vertwyfeling in Petrus se gemoed net weereens aangeblaas het. Dit het al die vrae weer na die oppervlakte gebring. Sy gemoed was nog steeds agter slot en grendel, net so geslote soos die deur van die bovertrek. Sy gewetenswroeging het nog steeds verhoed dat die lig volkome kon binnekom.

— . . . — . . . — . . . — . . .

Van waar Petrus gesit het, kon hy 'n aantal skuite op die oewer van die meer sien lê, gereed vir die nag se vangs. Hy het meteens vry gevoel. Miskien was dit omdat hy hom weer tussen bekende dinge soos die wind en die water bevind het, maar miskien ook omdat hulle die vrese en geslote deure in Jerusalem kon agterlaat. Dit was amper weer soos in die ou dae toe hulle nog vissers was, hy en Andreas, Jakobus en Johannes, voordat die Meester hulle geroep het om Hom te volg. In sy verbeelding kon hy die geluid van die water hoor waar dit ritmies oor die klippiestrand spoel. Dit het sy gemoed gestreel, amper so gerusstellend soos die Meester se stem.

Maar hierdie gevoelens was van korte duur en is spoedig verdring deur die steeds terugkerende vrae en vertwyfeling. Die Meester het laat weet dat hulle hom by die meer moes ontmoet, en daarom was hulle nou hier is. Of was dit maar die Meester se manier om hulle te laat weet dat hulle geweeg en te lig bevind is, veral hy wat Petrus was, dat hulle maar liever moes terugkeer na hul vissersberoep van vroeër?

Hulle was reeds van vroegoggend af hier teen die heuwelhang waar die die menigtes bymekaargekom het toe Hy die saligspreuke uitgespreek het. Dit was nou reeds laatmiddag, die son het al laag gehang en bokant hulle was 'n swerm voëls op pad na hul slaapplek vir die nag, maar nog steeds het die Meester nie Sy opwagting gemaak nie.

Petrus se oë het oor die Meer van Genesaret bly dwaal, rusteloos soos die wind en die golwe, en tot ruste gekom op die skuite onder by die water. Miskien was dit tog nie so 'n slegte idee om weer 'n visserman te word nie. Hy was seker dat daar nog plek sou wees op

een van Sebedeus se skuite, vir hom en Andreas, Jakobus en Johannes. Meteens spring hy op. Die wagtery en onsekerheid het te veel geraak.

“Ek gaan visvang. Wie kom saam?”

Thomas Didimus, Natanael, Jakobus en Johannes en twee ander het hom gevolg. Hulle het een van Sebedeus se skuite te water gelaat, maar kon die hele nag niks vang nie. Dit was maar net ’n doellose gedobber en ’n geswoeg met die nette.

Dit was al sterk lig en die skuit was slegs honderd meter van die wal af toe hulle opeens ’n man op die oewer gewaar. Petrus was amper doodseker dat Hy ’n oomblik vantevore nie daar was nie. Klokhelder kom Sy stem oor die water.

“Het julle enige vis vir ete?”

“Nie ’n enkele vis nie!” het die dissipels geantwoord.

Toe praat die man weer: “Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit en julle sal vis daar vind.”

As hulle later daarvoor nagedink het, sou hulle nie eintlik kon sê hoekom hulle aan die vreemdeling se opdrag gehoor gegee het nie. Miskien was dit die outoriteit in sy stem of die besorgde toon daarvan – ’n stem vol omgee, soos dié van ’n herder wat sy skape naderroep.

Hulle het skaars begin om die net in te trek toe dit begin lewe. Dit was vol en wou skeur. Dit het in hulle hande geruk.

In ’n oogwink het dit tot Johannes deurgedring, soos die helder oggendson wat besig was om deur die wolke te breek, soos die sonlig wat op die water, op die nat lywe van die spartelende visse geskitter het, net soos die dag toe die net ook wou skeur en die skuite wou sink – dié dag toe hulle alles net so gelos het om die Meester te volg, hy wat Johannes is en Petrus en Andreas en Jakobus.<sup>20</sup>

“Petrus, dit is Hy, die Meester, ons Meester! Hy het nie van ons vergeet nie!”

Die oomblik was te groot vir Petrus. Dit het sy gemoed oorweldig. Inderhaas het hy sy bokleed aangetrek en in die water gespring om na die kant te swem terwyl die ander dissipels met die skuit en oorvol net land se kant toe sukkel.

Op die land het hulle ’n vuur aangetref met gloeiende kole en met vis en brood daarop. Die maaltyd was reeds voorberei asof dit uit die niet verskyn het soos toe Hy die brode en die vis vermeerder het vir die vyfduisend en die vierduisend.<sup>21</sup>

---

<sup>20</sup> Lk. 5:1-11

<sup>21</sup> Mat.14:14-21; Mat.15:29-39.

Jesus het Petrus gestuur om nog 'n paar visse te gaan haal. Die een honderd drie en vyftig visse was almal knewels en die net het nie eens geskeur nie!

Daar is nie veel gepraat tydens die maaltyd nie. Die dissipels was te verbaas en te verleë, veral Petrus. Dit was die derde keer dat Hy na Sy opstanding uit die dode aan hulle verskyn het.

Na die maaltyd het Jesus Petrus eenkant toe geroep. Hierdie keer sou die deure nie geslote bly nie. Hy het Petrus stip in die oë gekyk en gevra:

“Simon, seun van Jona, het jy my werklik lief? Het jy my liefier as die vissermanslewe en die visse daar in die net, en met groter toewyding as al die ander dissipels hier?”

Met 'n knop in die keel antwoord Petrus: “Ja Here, U weet dat ek U liefhet.”

Jesus se antwoord was reguit en op die man af: “Laat dan My lammers wei.”

Vir 'n tweede maal vra Hy: “Simon, seun van Jona, het jy My *waarlik* lief, so lief soos 'n mens die Vader behoort te hê, met jou hele hart, siel en verstand en met al jou kragte?”

“Ja Here, U weet dat ek U waarlik liefhet.”

En weer kom die opdrag: “Pas my skape op.”

Toe Jesus die vraag die derde keer herhaal, was dit net een te veel vir Petrus. Sy gemoed het volgeskiet en hy kon skaars sy trane bedwing.

“Here, U weet alles. U weet hoe ek weggehardloop het en hoe ek ontken het dat ek U ken. U weet hoe bang ek was, hoe ek gewonder het wat van U geword het en wat van ons gaan word en hoe die twyfel in my hart bly vassteek het, selfs nadat ek die grafdoeke gesien het. U weet hoe ek met al hierdie dinge geworstel het. Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.”

“Ja, Petrus, Ek weet alles. Van nou af sal jy my as onderherder dien en uiteindelik sal jy selfs vir My sterf. En hierdie keer sal jy nie weggehardloop of My verloën nie. Kom, volg my en laat my skape wei.”<sup>22</sup>

Petrus het verlig en skoon gevoel, gesuiwer soos koring waarvan die kaf uitgewan was. Hy kyk op toe hy die gefladder van 'n duif se vlerke hoor. Net vir 'n oomblik sien hy hoe die wit vlerke deur die lug maal om stukrag te verkry, flitsend in die helder oggendlug, en toe styg die duif op en verdwyn agter 'n bos, 'n terebintebos oortrek van rooi blomme met spatsels groen.

---

<sup>22</sup> Uit 1 Pet.5:4 blyk dit dat Petrus nooit die woorde van Jesus langs die See van Galilea om Sy skape te laat wei, sou vergeet nie: *En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.*(AOV)



---

## Epiloog

### Krag uit die hoogte

Die terebintebos se rooi blomme en nuwe loof gedurende Paastyd sou bly getuig van Jesus se bloed wat vir ons uitgestort is tot ons geregtigheid, voortgesette vergifnis en nuwe lewe in die Gees. Eers heelwat later sou Petrus alles ten volle begryp en sou hy ten volle toegerus word om die Opperherder se skape te laat wei. Dit het gebeur op pinksterdag, kort nadat Jesus in die hemel opgeneem is, toe Petrus en die ander soos gewoonlik in die bovertrek byeengekom het om eendragtig te volhard in gebed. Die hele huis is gevul met die geluid van 'n kragtige rukwind, tonge van vuur het verdeel en "gaan sit" op elkeen wat in die bovertrek teenwoordig was en hulle het in 'n verskeidenheid tale van die grootse daade van God getuig.<sup>23</sup>

So is Petrus en die ander dan toegerus met krag uit die hoogte, met die Trooster, die Gees van die Waarheid wat hulle Begeleier en Reizenoot deur die lewe sou word. Petrus het nou uiteindelik die rots geword waarvan sy naam getuig en hy sou hierna nooit weer terugkyk nie. Die wispelturige en onbetroubare visserman van Galilea sou spoedig die geleentheid kry om voor die Joodse Raad die moed en krag van 'n geesvervulde lewe ten toon te stel. Groot getalle sou deur sy prediking tot bekering kom<sup>24</sup> en baie sou van allerhande kwale genees word.<sup>25</sup> Daar sou ook vele beproewinge oor sy pad kom<sup>26</sup> en alhoewel Petrus na die pinkstergebeure nie sonder foute was nie, sou hy nooit weer sy rug op die Meester draai nie. Aan die einde van sy lewe is hy gekruisig, en omdat hy homself nie waardig geag het om dieselfde dood as die Meester te sterf nie, het hy versoek dat hy met sy kop na onder gekruisig word.<sup>27</sup>

---

<sup>23</sup> Handeling 2:1-4 (AOV)

<sup>24</sup> Hand 2:41; 4:4

<sup>25</sup> Hand 5:15-16

<sup>26</sup> Die lyding en beproewing wat elke Christen te wagte kan wees is 'n baie prominente tema in Petrus se eerste sendbrief, wat daarop dui dat hy uit ondervinding praat (1Pet1:6-7; 2:19-21; 3:14; 4:1; 4:12-13; 4:19).

<sup>27</sup> Volgens oorlewing

## Bylae 1

### Die dissipels se vertwyfeling

Dit wil voorkom asof Jesus se dissipels na Sy kruisiging sterk getwyfel het oor sy werklike identiteit: was hy werklik die beloofde Messias, of dalk net 'n besondere profeet? Hierdie twyfel is dan ook deur Kleopas en sy medereisiger verwoord toe hulle die Vreemdeling wat op pad na Emmaus by hulle aangesluit het, meegedeel het dat Jesus toe op die ou einde net 'n profeet was, maar dat hulle tog so gehoop het dat Hy die Messias sou wees wat gekom het om Israel te verlos.<sup>28</sup>

Jesus se dissipels het van die begin af gesukkel om te verstaan presies wat Sy Messiasskap sou behels. Alhoewel Petrus op 'n stadium namens die Twaalf bely het dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is,<sup>29</sup> was Sy plaasvervangende dood van die begin af glad nie deel van hul Messiasverwagtinge nie. Alhoewel Jesus probeer het om sy dissipels voor te berei op Sy dood en opstanding, wou dit maar net nie tot hulle bewussyn deurdring nie. Dit was totaal en al buite hulle begripsvermoë en verwysingsraamwerk.<sup>30</sup> Petrus het selfs by geleentheid so ver gegaan om Jesus te bestraf toe Hy oor Sy lyding, dood en opstanding gepraat het.<sup>31</sup> Hulle kon dus glad nie Sy dood aan die kruis verwerk toe dit wel plaasgevind het nie en dit moes op daardie stadium 'n ontsettende stryd in die gemoedere van die dissipels, en veral Petrus se gemoed, teweegbring het. Hierdie sielestryd moet gesien word in die lig van die dissipels se beskouing van die Messias as 'n magtige leier wat die Joodse volk van die juk van die Romeinse Ryk sou verlos. So 'n Messiaanse leier moes oor die Romeinse magte triumfeer in plaas daarvan om soos 'n misdadiger aan 'n kruis te sterf.

Alhoewel Jesus op pad na Jerusalem vir oulaas probeer het om die Twaalf voor te berei op wat presies in Jerusalem voorgelê het,<sup>32</sup> het hul eie verwagtinge aangaande 'n spoedige herinstelling van die koninkryk van Israel net eenvoudig toegeneem hoe nader hulle aan Jerusalem gekom het.<sup>33</sup> In Jerigo het Hy selfs nog probeer om deur middel van 'n gelykenis aan sy volgelinge te verduidelik dat die koninkryk wat Hy gekom het om te vestig so ver buite hulle verwysingsraamwerk is dat dit in Jerusalem deur die Jode verwerp sou word<sup>34</sup> en dat die bevooregte posisie wat die Joodse volk tot op daardie stadium geniet het in die gedrang sou kom.<sup>35</sup> Die koninkryk van God sou van hulle weggeneem en aan 'n ander volk gegee word wat die vrugte daarvan sou dra.<sup>36</sup> Net soos kort van te vore het die betekenis van Sy woorde egter nie tot hulle deurgedring nie.<sup>37</sup>

Met Jesus se intog in Jerusalem het die geesdrif van Sy volgelinge 'n hoogtepunt bereik. 'n Menigte van Sy dissipels,<sup>38</sup> waaronder die Twaalf seer sekerlik ook getel het, het Hom met groot

---

<sup>28</sup> Luk 24:19-21

<sup>29</sup> Matt 16:16; Joh 6:69

<sup>30</sup> Matt 17:22-23; Mark 9:9-10;31-32; Luk 9:43-45

<sup>31</sup> Mark 8:31-32

<sup>32</sup> Luk18:31-34

<sup>33</sup> Luk19:11

<sup>34</sup> Luk19:14

<sup>35</sup> Luk19:27.


<sup>36</sup> Matt21:41; 43 (AOV).

<sup>37</sup> Luk18:34

<sup>38</sup> Lukas 19:37

opgewondenheid as die Koning van Israel verwelkom,<sup>39</sup> vol verwagting oor die koninkryk van hul vader Dawid wat nou tot stand gebring sou word.<sup>40</sup>

Jesus het inderdaad na Jerusalem gegaan om Homself as die Messias en die Seun van God aan die volk te bied. Hy het nie gekom om die Romeine te oorwin nie, maar sonde en die dood. Hy het gekom om Sy Koninkryk in die harte van mense te vestig<sup>41</sup> deur aan die kruis te sterf en op die derde dag weer op te staan. Meegevoer deur Jesus se triomfantlike intog wou hierdie waarheid waarop Jesus sy volgelinge van die begin af probeer voorberei het maar net nie lêplek kry in hul harte nie, nie eens in die harte van die Twaalf nie. 'n Mens moet aanvaar dat die dissipels onder Jesus se prediking en lering wel mettertyd al hoe meer bewus geraak het van die geestelike dimensie van die koninkryk van God, maar ten spyte hiervan was hul verwagtinge nog steeds gefokus op 'n etniese Israel wat oor die volkere van die wêreld sou heers. Hierdie skewe opvatting sou hardnekkig in hul gedagtes bly vassteek, selfs na Jesus se opstanding toe die Skrifte wat na Hom verwys vir hulle begin oopgaan en hulle besef het dat dit nodig was dat Hy moes sterf en weer moes opstaan.<sup>42</sup> Selfs net voor Sy hemelvaart wou hulle nog van Hom weet of Hy nou die koninkryk vir Israel gaan oprig.<sup>43</sup> Eers later, na die uitstorting van die Heilige Gees, sou hul ten volle besef waaroor die koninkryk van God werklik gaan.



## Bylae 2

### Die terebintespesies van Palestina

Gedurende Jesus se tyd is twee terebinte- of terpentynboomspeesies in Palestina aangetref, naamlik *Pistacia palaestina* en *Pistacia atlantica*.

*Pistacia palaestina* is 'n bladwisselende boom of struik met helderrooi trosse kleinerige blommetjies wat gedurende die vroeë lente, d.w.s. die tyd van die Joodse pasga, saam met die nuwe kopergroen loof aan die manlike plante verskyn. Die blomtrosse van die vroulike plant is minder opvallend en is meer pers van kleur. Hierdie plant dra in 'n groot mate by tot die kenmerkende rooi kleur van die Mediterreense fynbos of struikveld in Israel, nie net die blomtrosse en jong loof in die lente nie, maar ook in die somer wanneer die helderrooi vrugte verskyn, en in die herfs wanneer die blare

---

<sup>39</sup> Joh12:13

<sup>40</sup> Markus 11:10

<sup>41</sup> Lukas 17:21; Rom14:17

<sup>42</sup> Bv. Joh12:16; Lukas 24:27

<sup>43</sup> Hand 1:6

verkleur. *Pistacia palaestina* kan tot 'n groot en indrukwekkende boom ontwikkel, alhoewel dit nie baie hoog word nie (normaalweg nie hoër as 8-10 meter nie), maar eerder 'n digte, spreidende vorm aanneem. Wanneer dit deur veldbrande, die mens of deur vee beskadig word, neig hierdie plant om in 'n struik- of bosvorm met 'n hoogte van slegs 1-2 meter te ontwikkel en is dan ook dikwels meerstammig. Al die dele van die plant het 'n skerp, harpousagtige reuk, vandaar dan ook die alternatiewe benaming terpentynboom. *P. palaestina* kan maklik verwar word met *P. terebinthus*. Verskeie ouer bronne verwys dan ook na die terebinte of terpentynbome van die Bybelse tyd as *P. terebinthus*. Laasgenoemde spesie kom egter nie verder oos as die westelike dele van Turkye voor nie.<sup>44</sup>

*Pistacia atlantica* word heelwat groter as *P. palaestina* en bereik hoogtes van tot 15 meter, met 'n kroondeursnee van tot 30 meter. Ouer bome het indrukwekkende stamme met 'n deursnee van tot 2,5 meter. Dié bome kan ouderdomme van tot 600 jaar bereik. Anders as *P. palaestina* word hierdie spesie se groeiwyse nie beperk as dit deur vee of veldbrande beskadig word nie en ontwikkel hulle dus makliker tot 'n boomvorm. Die blomtrosse van *P. atlantica* is glad nie so indrukwekkend as die van *P. palaestina* nie.



Dit wil voorkom asof die terbint of terpentynboom gedurende die Bybelse tyd 'n algemene boomsoort was, wat onder meer bevestig word deur die feit dat ongeveer die helfte van alle huishoudelike houtvoorwerpe wat tydens argeologiese opgrawings in die noordelike en sentrale gedeeltes van Israel gevind en daarna geklassifiseer is uit die hout van bogenoemde twee boomspesies vervaardig is.<sup>45</sup> In veral die Afrikaanse Ou Vertaling tref ons verskeie verwysings na die terpentynboom aan, terwyl daar ook op twee plekke na terebinte verwys word, nl. in Psalm 56:1 en Jesaja 61:3. Daar bestaan egter 'n mate van onsekerheid onder Bybelvertalers oor presies watter woord of woorde in die Hebreeuse teks met terebint of terpentynboom, hetsy *P. palaestina* of *P. atlantica*, vertaal moet word. Hebreeuse woorde in die Ou Testament, soos *elah*, *ayil*, *elon* en *allon*, wat moontlik na terebinte of terpentynome kan verwys, dui volgens Strong<sup>46</sup> almal hoofsaaklik op "sterk" of groot bome en kan dus beide die terebinte/terpentyboomspesies en verskeie eikspesies insluit. 'n Mens kan moontlik aanvaar dat dit wel die aanvanklike doel van die Ou Testamentiese skrywers was om tussen verskillende groot boomsoorte te onderskei deur van verskillende woorde gebruik te maak, maar dat hierdie onderskeid mettertyd vervaag het, sodat dit tans moeilik is om met volkome sekerheid te bepaal watter woorde na watter spesifieke boomsoorte verwys. Alhoewel die mikroklimaatse vereistes van die tersaaklike groot boomspesies, en dus ook die geografiese verspreiding daarvan, wel as 'n moontlike aanduider gebruik kan word om die probleem te probeer oplos, vind ons egter dat beide *P. palaestina* en *P. atlantica* in die natuur dikwels saam met eikespesies aangetref word – *P. palaestina* meestal saam met *Quercus calliprinos* (Palestynse eik) en *P. atlantica* met *Quercus ithaburensis* (Berg Tabor-eik). Dit maak dit dus moeilik

<sup>44</sup> [http://en.wikipedia.org/wiki/Pistacia\\_terebinthus](http://en.wikipedia.org/wiki/Pistacia_terebinthus)

<sup>45</sup> <http://www.wildflowers.co.il/english/plant.asp?ID=228>

<sup>46</sup> Strong's Hebrew and Greek Dictionaries

om teksverwysings altyd met sekerheid aan die geografiese verspreiding van spesifieke spesies of soorte te koppel. Alles in aggenome is dit dus logies dat hedendaagse Bybelvertalings eerder n kollektiewe benadering volg deur telkens te verwys na “groot boom”, eerder as na ’n bepaalde boomsoort. Al berus ons by so ’n kollektiewe benadering, kan daar nogtans met sekerheid aanvaar word dat ’n noemenswaardige persentasie van die tekste waarin na “groot bome” verwys word wel op terpentynbome/terebinte van toepassing is.

Indien ons wel probeer om ’n onderskeid tussen eike en terebinte/terpentynbome te tref en die Afrikaanse Ou Vertaling as vertrekpunt gebruik, sien ons dat die Hebreeuse woorde *elah* en *elon* meestal met terpentynboom, en *allon* meestal met eik vertaal word. In Jesaja 61:3 word *ayil*, die manlike vorm van *elah*, met terebinte vertaal. Dit sou sin maak om hedendaagse “Hebreeuse bronne” oor die plantegroei van Israel in dié verband te raadpleeg. Volgens die webwerf *Flowers in Israel*, verwys slegs *elah* na terebinte of terpentynbome (*P. palaestina* en *P. atlantica*), terwyl *elon* en *allon* as eikebome (*Quercus spp.*) gesien moet word.<sup>47</sup> Nog ’n webwerf, *Wild Flowers of Israel*, se verwysings na voorbeelde in die Ou Testament waar *Pistacia*-bome ter sprake is, het slegs betrekking op die woord *elah*.<sup>48</sup> As ons ons op hierdie bronne verlaat, wil dit dus voorkom asof *elah* wel met ’n groot mate van sekerheid as terebint of terpentynboom, en *allon* as eikeboom vertaal kan word, terwyl daar ’n redelike mate van onduidelikheid oor die korrekte vertaling van die woord *elon* bestaan. Alhoewel hier slegs van twee hedendaagse bronne gebruik gemaak is, blyk dit tog dat die Afrikaanse Ou Vertaling se vertalings van terpentynbome of terebinte waarskynlik taamlik akkuraat is.

’n Mens kan aanvaar dat die terpentynboom met sy groot, uitgespreide kroon gedurende die Ou Testamentiese tyd ’n ideale skaduboom was in die land Kanaan met sy warm, droë klimaat.<sup>49</sup> Groter alleenstaande terpentynbome, en dan veral *P. atlantica*, het as belangrike bakens en rusplekke in die landskap gedien en daar word in die Bybel dan ook dikwels na spesifieke terpentynbome (*elah*) verwys asof hulle aan almal bekend was. Ons lees van Jakob wat al die vreemde gode en die ooringe van sy geselskap onder die terpentynboom by Sigem begrawe het,<sup>50</sup> die Engel van die Here wat by die terpentynboom van Ofra aan Gideon verskyn het,<sup>51</sup> Dawid wat Goliat in die dal van die terpentynboom verslaan het,<sup>52</sup> die ou profeet wat die man van God onder die terpentynboom aangetref het nadat hy die woord van die Here aan Jerobeam in Bet-el gebring het,<sup>53</sup> en koning Saul en sy seuns wat onder die terpentynboom in Jabes begrawe is.<sup>54</sup> Daar word ook na die terpentynboom (*elah*) verwys as een van die boomsoorte waaronder offerhandes aan vreemde gode gebring is.<sup>55</sup> Verder lees ons van Absalom se lang hare wat verstrengel geraak het in die lae, digte takke van ’n terpentynboom (*elah*) terwyl hy op sy muil daaronder deurgery het toe hy die dienaars van Dawid in die bos van Efram wou ontvlug.<sup>56</sup> Hierdie gebeurtenis maak heeltemal sin as daar in gedagte gehou word dat beide die terebintespesies bome met stewige stamme, lang takke en baie dun sytakkes is wat mettertyd ’n digte, spreidende vorm aanneem. Esegel 6:13 verwys dan ook na die terpentynboom (*elah*) as ’n “digte” boom.

---

<sup>47</sup> <http://www.flowersinIsrael.com/>

<sup>48</sup> <http://www.wildflowers.co.il/english/>

<sup>49</sup> Hosea 4:13

<sup>50</sup> Gen 35:4

<sup>51</sup> Rigters 6:11,19

<sup>52</sup> 1 Sam 17:19; 21:9

<sup>53</sup> 1 Kon 13:14

<sup>54</sup> 1 Kron 10:12

<sup>55</sup> Esegel 6:13, Hosea 4:13

<sup>56</sup> 2 Sam 18:9-10

Dit is wonderlik om daaraan te dink dat die rooi blomme van *Pistacia palaestina* gedurende Paastyd gesien kan word as 'n versinnebeelding van die bloed van die Paaslam, en die nuwe kopergroen loof as 'n versinnebeelding van Jesus se opstanding en die nuwe lewe wat dit vir gelowiges meebring. Alhoewel die Ou Afrikaanse Vertaling se “terebinte van geregtigheid”<sup>57</sup> miskien eerder geassosieer moet word met persone wat vas en regop staan,<sup>58</sup> gee dit 'n besondere betekenis aan die woord “geregtigheid” indien dit gekoppel word aan die rooi blomtrosse en nuwe loof van die terebintebos, naamlik die geregtigheid waarin elke gelowige deur Jesus se dood aan die kruis en deur Sy opstanding deel. Dit is ook betekenisvol om daarop te let dat dit die kleiner en minder indrukwekkende van die twee Palestynse terebintespesies is, en ook die een wat dikwels in 'n struik- of bosvorm voorkom, wat die meer indrukwekkende rooi blomme en groen loof vertoon. Dit kan gesien word as 'n versinnebeelding van Jesus wat Homself verneder het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en om aan mense gelyk te word.<sup>59</sup>

### Bylae 3

## Teenstrydige grafgebeure?

**K**yk ons na die verskillende weergawes van die gebeure rondom Jesus se opstanding in die onderskeie Evangelies, vind ons oënskynlike teenstrydighede ten opsigte van aspekte soos die getal vroue, die getal engele by die graf en Jesus se verskyning aan Maria Magdalena. Indien hierdie feite nie in die regte perspektief gesien word nie, kan dit maklik aanleiding gee tot twyfel oor die egtheid, betroubaarheid en Goddelike oorsprong van die Bybel. Vanuit verskeie oorde word daar dan ook dikwels 'n groot ophef gemaak van die sogenaamde teenstrydighede in die Woord van God. Verskeie faktore moet in aanmerking geneem word wanneer enige “teenstrydighede” in die Bybel in oënskou geneem word, soos byvoorbeeld die metaforiese taalgebruik wat dikwels aangetref word en die verskille in die persoonlikhede van die onderskeie skrywers wat, gelei deur die Heilige Gees, 'n bydrae tot die Bybel gemaak het.<sup>60</sup> Hierdie verskillende persoonlikhede impliseer verskillende skryfstylle en tegnieke, asook verskillende benaderings, doelwitte en teikengroepe. Deur hierdie ryke verskeidenheid word inderdaad verskillende fasette van en benaderings tot die Waarheid geopenbaar: 'n sinvolle diversiteit binne 'n groter eenheid en samehorigheid. Dit ly geen twyfel dat God inderwaarheid 'n spesifieke doel gehad het met enige oënskynlike teenstrydigheid in die Bybel

---

<sup>57</sup> Jes 61:3

<sup>58</sup> To grant [*consolation and joy*] to those who mourn in Zion--to give them an ornament (a garland or diadem) of beauty instead of ashes, the oil of joy instead of mourning, the garment [*expressive*] of praise instead of a heavy, burdened, and failing spirit--that they may be called oaks of righteousness [*lofty, strong, and magnificent, distinguished for uprightness, justice, and right standing with God*], the planting of the Lord, that He may be glorified (AMP, eie beklemtoning).

<sup>59</sup> Fil 2:7 (1983 Vertaling).

<sup>60</sup> See John Haley's *Alleged Discrepancies of the Bible*, Chapter 1.

toe Hy dit laat opteken het nie,<sup>61</sup> en daar kan inderdaad 'n verklaring vir elke teenstrydigheid gevind word.

Wat die getal vroue by die graf betref, verwys Johannes slegs na Maria Magdalena<sup>62</sup> terwyl die ander Evangelies aandui dat daar ook ander vroue teenwoordig was. Hiermee sê Johannes nie dat slegs Maria Magdalena teenwoordig was nie, maar aangesien die ander vroue in sy vertelling van die grafgebeure 'n onbeduidende rol gespeel het, word hulle bloot net nie genoem nie. Dat daar wel volgens die Evangelie van Johannes ander vroue saam met Maria Magdalena by die graf was, blyk baie duidelik uit Maria se woorde aan Petrus en Johannes "Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."<sup>63</sup>

Wanneer ons na die oënskynlike teenstrydighede in Jesus se verskyning aan Maria Magdalena kyk, moet in gedagte gehou word dat alhoewel die feite wat in die Bybel genoem word histories korrek is, dit nie altyd in die regte chronologiese volgorde weergegee word nie, en dat die volgorde in baie gevalle met 'n spesifieke doel herrangskik is. Daar lê oneindig meer opgesluit in die bladsye van die Bybel as wat ons geordende rasionele Westerse denkpatrone geneig is om daarin raak te sien, ook wat die weergawe en rangskikking van historiese feite betref. Volgens Mattheus het Jesus aan Maria Magdalena en die "ander Maria" verskyn toe hulle die graf verlaat het om die engel se boodskap aan die dissipels oor te dra.<sup>64</sup> As daar chronologies na Johannes se weergawe gekyk word, wil dit voorkom asof Jesus eers aan Maria Magdalena verskyn het nadat sy die nuus van die leë graf aan Petrus en Johannes gaan meedeel het en nadat sy saam met hulle na die graf teruggekeer het. Dit moet egter gesien word teen die agtergrond van Johannes se benadering tot die gebeure, want dit is moontlik dat Johannes juis nie die feite chronologies wou weergee nie omdat hy eers wou praat oor wat vir hom die allerbelangrikste was, naamlik Jesus se opstanding en veral sy en Petrus se gewaarwording daarvan toe hulle die grafdoeke waargeneem het (sien Bylae 4). Na 'n baie kort inleiding<sup>65</sup> waarin hy glad nie eens noem dat Maria Magdalena besef het dat die graf leeg was nie (hy noem slegs dat sy gesien het dat die steen van die graf weggerol was, maar hy noem tog dat sy gehardloop om Petrus en Johannes mee te deel dat iemand die Here weggeneem het), kom hy dadelik tot die hoofpunt van sy vertelling en bespreek dan die res van die inleidende gebeure in fyner besonderhede daarna,<sup>66</sup> asof hy eers wou sê: "Weet julle wat? Ek en Petrus het tot die besef gekom dat Jesus uit die dood opgestaan het toe ons die vorm van die grafdoeke gesien het, en daarna het ons weer huis toe gegaan." Hiermee word die kerngedagte van sy vertelling dus afgesluit en dan neem hy weer die inleidende gebeure op deur te sê dat benewens die hoofgebeure Jesus ook aan Maria Magdalena verskyn het net nadat sy met die engel by die graf in gesprek getree het<sup>67</sup> en dus net nadat sy aanvanklik gesien het dat die steen weggerol en Jesus se liggaam verwyder was.

Johannes se geneigdheid om gebeure in 'n omgekeerde volgorde te plaas, blyk ook uit sy weergawe van Jesus se intog in Jerusalem. Al drie die ander Evangelies begin hul weergawe van die gebeure met Jesus wat, toe hulle naby Betfage gekom het, twee van sy dissipels na die dorpie gestuur het om 'n eselsvul te gaan haal. Die dissipels het hul klere op die vul geplaas en Jesus het daarop gaan sit.

---

<sup>61</sup> See John Haley's *Alleged Discrepancies of the Bible*, Chapter 2.

<sup>62</sup> Joh20:1

<sup>63</sup> Joh20:2. Eie beklemtoning

<sup>64</sup> Matt28:8-9

<sup>65</sup> Joh 20:1-2

<sup>66</sup> Joh 20:3-10

<sup>67</sup> Joh 20:11-18

Eers dan word daar melding gemaak van die skare wat hul klere en palmtakke voor Jesus op die grond geplaas en Hom toejuig het toe Hy Jerusalem binnegery het.<sup>68</sup> Johannes begin egter sy vertelling met die skare wat Jesus met palmtakke tegemoetstap terwyl hulle Hom toejuig en maak eers daarna melding van die jong esel waarop Jesus gaan sit het.<sup>69</sup>

## Bylae 4

### Die grafdoeke en Jesus se verskyning aan Petrus

Na aanleiding van die Johannes-evangelie kan 'n mens die afleiding maak dat Petrus en Johannes op grond van die vorm van die grafdoeke wat agtergelaat is tot die besef gekom het dat Jesus se liggaam nie uit die graf verwyder is nie, maar dat Hy opgestaan het.<sup>70</sup> Ons lees dat Petrus die graf binnegegaan en die doeke sien lê het (Grieks: *keimai*).<sup>71</sup> Volgens Strong dui *keimai* op iets wat op sy eie of deur sy eie toedoen horisontaal uitgestrek lê. Hy sien die werkwoord *keimai* as “properly reflexive and utterly prostrate.” Die *Concise Oxford Dictionary* gee onder meer die volgende betekenis vir *reflexive*: “(of a verb) having a reflexive pronoun as its object (as in *to wash oneself*).” Dit beteken dus letterlik dat die grafdoeke hulself daar neergelê het. Hierdie eie inisiatief of onafhanklike handeling word verder versterk deur die begrip “in volslae onderworpenheid” (*utterly prostrate*). Dit is in teenstelling met die werkwoord *tithēmi*, wat dui op iets wat deur iemand in 'n horisontale posisie **geplaas** is. Hieruit kan ons dus aflei dat die grafdoeke wat Petrus gesien het nie in 'n bondel eenkant geplaas is nadat dit deur iemand van Jesus se liggaam verwyder is nie. Die doeke het nog dieselfde vorm gehad en het in dieselfde posisie gelê as toe dit om Sy liggaam gedraai was. Jesus se liggaam is dus nie deur iemand verwyder nie, maar het uit die dood verrys. Die materie van Sy liggaam het eenvoudig deur die doeke beweeg asof dit nooit daarin toegewikkel was nie. Die doek wat om Jesus se gesig was, het egter apart opgerol gelê.<sup>72</sup> Die afleiding wat gemaak kan word, is dat Jesus, terwyl Hy opgestaan het, die gesigdoek van Sy eie gesig af verwyder, dit opgerol en eenkant geplaas het. Die Johannes-evangelie sê niks van Petrus se reaksie toe hy die grafdoeke gesien het nie, maar dit sê wel dat Johannes ook in die graf ingegaan het en dat hy gesien (m.a.w. dieselde as wat Petrus gesien het) en geglo het.<sup>73</sup> Verder staan daar: “Want hulle [beide Johannes en Petrus] het nog nie [tot op daardie stadium] die Skrif verstaan dat Hy uit die dode moes opstaan

---

<sup>68</sup> Matt 21:1-11; Mk11:1-10; Lk 19:29-38

<sup>69</sup> Joh12: 12-15

<sup>70</sup> Joh20:4-8

<sup>71</sup> Joh. 20:6

<sup>72</sup> Joh.20:7

<sup>73</sup> Joh20:8



nie.”<sup>74</sup> Die afleiding wat dus gemaak kan word, is dat beide Petrus en Johannes nou verstaan, of begin verstaan het dat Jesus uit die dood opgestaan het. Volgens Lukas het Petrus, nadat hy die doeke alleen (sonder Jesus se liggaam) sien lê het (*keimai*), “weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het”.<sup>75</sup> Dit kan net een ding beteken, nl. dat Petrus “vol verwondering” was oor Jesus wat opgestaan het. In die Johannes-evangelie word die klem geplaas op Johannes (“hy vir wie Jesus liefgehad het”) wat gesien en geglo het, en in die Lukas-evangelie is die klem op Petrus wat gesien en geglo het (Lukas maak nie eens melding van Johannes wat die grafdoeke gesien het nie). Later in dieselfde hoofstuk maak Lukas ook nog melding van Jesus wat na Sy opstanding aan Petrus spesifiek verskyn het.<sup>76</sup> Hierdie klem wat deur Lukas op Petrus geplaas word, weerspieël Jesus se besorgdheid en ontferming teenoor Petrus nadat Petrus Hom verloën het. Dit blyk alreeds uit Jesus se vroeë mededeling aan Petrus dat Satan toestemming gevra het om die dissipels soos koring te sif, maar dat Hy vir Petrus in die besonder gebid het dat sy geloof nie sou “ophou” nie.<sup>77</sup> Iets van hierdie besorgdheid skemer ook deur in die Markus-evangelie wanneer die engel by die graf die vroue versoek om die dissipels, en in die besonder Petrus, te gaan mededeel dat Jesus hulle na Galilea sou vooruitgaan en dat hulle Hom daar moes ontmoet.<sup>78</sup> Dit kom ook baie sterk na vore tydens Jesus se konfrontasie met Petrus by die See van Galilea.<sup>79</sup>

Wat Jesus se verskyning aan Petrus betref kan dit moontlik regstreeks in verband gebring word met Petrus se waarneming van die grafdoeke. In Lukas 24:34 word daar heeltemal terloops genoem dat Jesus aan Petrus verskyn het. Die Here se verskynings aan die Emmausgangers en net daarna aan die dissipels in Jerusalem, waar hulle agter geslote deure vergader het, vorm die agtergrond van hierdie vermelding. Dit is asof die verskyning aan Petrus so terloops deur Lukas tussen hierdie twee gebeure ingepas word, amper asof dit nie heeltemal so belangrik is soos die hoofgebeure nie, maar eerder as ’n bevestiging van die hoofgebeure beskou moet word en dus nie heeltemal uit die oog verloor moet word nie.

Nadat Jesus aan die Emmausgangers verskyn het, het hulle dadelik na Jerusalem teruggekeer om hierdie nuus aan die ander dissipels mee te deel. Opgewonde, maar moeg en uitasem na die tog van twaalf kilometer in die donker, het hulle by die ander dissipels aangekom, maar voordat hulle hul nuus kon oordra is daar aan hulle vertel dat Jesus waarlik opgestaan het en dat Hy aan Petrus verskyn het. Jesus moes dus iewers tussen die gebeure by die graf die oggend en dieselfde aand aan Petrus verskyn het, heelwaarskynlik nog voordat Hy aan Kleopas en sy medereisiger verskyn het. ’n Mens kan die afleiding maak dat Lukas hier te kenne wou gee dat hierdie verskyning aan Petrus met die Emmausganger se aankoms die hoofonderwerp van bespreking onder die dissipels was en dat dit tot op daardie stadium heelwaarskynlik die belangrikste gebeurtenis van die dag was. Die belangrikheid daarvan vervaag egter wanneer die Emmausganger vertel wat hulle beleef het en Jesus se verskyning tussen die dissipels terwyl die twee reisigers nog besig was om te praat.

Op geen ander plek in die Bybel word daar enige iets meer van Jesus se verskyning aan Petrus vroeër dié dag gesê nie.<sup>80</sup> Dit is veral vreemd teen die agtergrond van Jesus se besorgdheid oor Sy verloëning deur Petrus wat baie duidelik na vore kom in die Skrif. Hoekom noem Lukas dus iets wat

---

<sup>74</sup> Joh20:9

<sup>75</sup> Lukas 24:12

<sup>76</sup> Lukas 24:34

<sup>77</sup> Luk22:31-32 (AOV)

<sup>78</sup> Markus 16:7

<sup>79</sup> Joh21:15-17

<sup>80</sup> Daar word op net nog een plek, nl. in 1Kor.15:4-5 melding gemaak van die feit dat Jesus aan Petrus verskyn het voordat hy daarna aan die “twaalf” verskyn het.

belangrik behoort te wees net so terloops en word dit glad nie in die ander Envangelies genoem nie? Hoekom word daar nie meer volledig oor hierdie belangrike gebeurtenis berig nie? Kan dit wees dat dit wel vir Lukas belangrik was binne die konteks van sy weergawe van die gebeure, maar dat hy dit nie volledig bespreek het nie omdat hy dit reeds in Lukas 24:12 genoem het? Wat Lukas dus eintlik kon bedoel het met die woorde “Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn,” is dat Petrus die leë grafdoeke in die vorm van ’n menslike liggaam sien lê het en beseft het dat Hy opgestaan het. Dit was vir Petrus net so werklik asof Jesus persoonlik voor hom gestaan het en hom meegedeel het dat Hy opgestaan het. Jesus het dus aan Petrus verskyn in die vorm van leë grafdoeke. Indien dit Lukas se bedoeling was, sou dit in die lig van die destydse ryk beeldspraak van die Nabye-Ooste en die metaforiese taalgebruik wat ons in die Woord aantref, glad nie vreemd gewees het nie. Hierdie voorliefde vir metafore is iets wat maklik uit die oog verloor kan word deur die moderne Westerling met sy meer konkrete manier van dink. Volgens Haley kan die Oosterling se passiewolle metaforiese taalgebruik inderdaad gesien word as ’n belangrike verklaring vir bepaalde “sogenaamde” teenstrydighede wat in die Woord aangetref word en wat vir sommige mense ’n ernstige rede tot struikeling kan wees.<sup>81</sup>

Omdat die Woord nie meer spesifiek is oor Jesus se verskyning aan Petrus nie, sal ons nooit weet presies hoe en wanneer dit plaasgevind het nie. Hoewel bogenoemde verklaring wel sin maak, is dit slegs ’n moontlike verklaring.

## Bibliografie

**Bybelse Ensiklopedie.** Onder hoofredaksie van Prof. Dr. F.W. Grosheide. Saamgestel deur Prof. Dr. W.H. Gispen, Prof. Dr. F.W. Grosheide, F.J. Bruijfel, Dr. A. Van Deursen. In Afrikaans oorgesit deur Ds. J.H. van Wyk, met die medewerking van Prof. Dr. P.F.D. Weiss (Ou Testament) en Ds. J. Norval Geldenhuys (Nuwe Testament). Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad, 1955.

**Flowers in Israel** (Aanlyn). <http://www.flowersinisrael.com/>

*Pistacia atlantica* [http://www.flowersinisrael.com/Pistaciaatlantica\\_page.htm](http://www.flowersinisrael.com/Pistaciaatlantica_page.htm)

*Pistacia lentiscus* [http://www.flowersinisrael.com/Pistacialentiscus\\_page.htm](http://www.flowersinisrael.com/Pistacialentiscus_page.htm)

*Pistacia palaestina* [http://www.flowersinisrael.com/Pistaciapalaestina\\_page.htm](http://www.flowersinisrael.com/Pistaciapalaestina_page.htm)

Haley, John (1992). **Alleged Discrepancies of the Bible**, Whitaker House.

---

<sup>81</sup> Haley, John: *Alleged Discrepancies of the Bible*, pp.26-7

**International Standard Bible Encyclopedia**, James Orr, General Editor, e-Sword electronic version.

Kaplan, D. (Aanlyn). **The Enigma of the Establishment of *Quercus ithaburensis* Park Forest in Nothern Israel: Co-Evolution of Wild Boar and Men?**

<http://www.socpvs.org/journals/index.php/wbp/article/view/10.2461-wbp.2005.1.12/0>

Strong, James (1890). **Strong's Hebrew and Greek Dictionaries**. Dictionaries of Hebrew and Greek Words taken from Strong's Exhaustive Concordance, e-Sword electronic version.

**Wikipedia**(Aanlyn). Pistacia palaestina. [http://en.wikipedia.org/wiki/Pistacia\\_palaestina](http://en.wikipedia.org/wiki/Pistacia_palaestina)